

BUITENGEWONE
OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA
OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

R0,30 Vrydag 30 Desember 1988

WINDHOEK

Friday 30 December 1988

No. 5655

INHOUD:

CONTENTS:

	<i>Bladsy</i>		<i>Page</i>
AG. PROKLAMASIES		AG. PROCLAMATIONS	
No. AG. 30 Otjiwarongo: Uitbreiding van grense	1	No. AG. 30 Otjiwarongo: Extension of Boundaries	1
No. AG. 31 Verklaring van Omataura (Witvlei) tot goedgekeurde dorp	2	No. AG. 31 Declaration of Omataura (Witvlei) to be an approved township	2
No. AG. 32 Verklaring van Ondundu Yovitenda tot goedgekeurde dorp	6	No. AG. 32 Declaration of Ondundu Yovitenda to be an approved township	6
No. AG. 33 Swakopmund: Uitbreiding van grense	8	No. AG. 33 Swakopmund: Extension of boundaries	8
No. AG. 34 Tamariskia: Uitbreiding van grense	9	No. AG. 34 Tamariskia: Extension of boundaries	9

PROKLAMASIES

PROCLAMATIONS

van die

by the

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE
GEBIED SUIDWES-AFRIKA

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE
TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

No. AG. 30 1988

No. AG. 30 1988

OTJIWARONGO: UITBREIDING VAN
GRENSE

OTJIWARONGO: EXTENSION OF BOUND-
ARIES

Kragtens artikel 29(1) van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) brei ek hierby die grense van die Dorp Otjiwarongo uit om Gedeelte 16 van Otjiwarongo Dorpsgronde Suid 308 en Gedeelte 15 van die plaas Otjiwarongo Dorpsgronde Wes 408, geleë in die Registrasie-afdeling D, in te sluit.

Under section 29(1) of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963), I hereby extend the boundaries of the Township of Otjiwarongo to include Portion 16 of Otjiwarongo Townlands South 308 and Portion 15 of the farm Otjiwarongo Townlands West 408, situated in the Registration Division D.

Bogenoemde eiendomme staan nou onderskeidelik bekend as erwe 1620 en 1621, Otjiwarongo.

L. PIENAAR

Administrateur-generaal

Windhoek, 14 Desember 1988

The above-mentioned properties are now known as erven 1620 and 1621, Otjiwarongo, respectively.

L. PIENAAR

Administrator-General

Windhoek, 14 December 1988

No. AG. 31

1988

VERKLARING VAN OMATAURA (WITVLEI)
TOT GOEDGEKEURDE DORP

Kragtens artikel 13 van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) verklaar ek hierby die gebied voorgestel op Algemene Plan L. 73(A.432/87) tot goedgekeurde dorp.

Die voorwaardes ingevolge waarvan die aansoek om verlof tot stigting van die betrokke dorp toegestaan is, word ingevolge genoemde artikel 13 in die Bylae hieronder uiteengesit.

L. PIENAAR

Administrateur-generaal

Windhoek, 14 Desember 1988

No. AG. 31

1988

DECLARATION OF OMATAURA (WITVLEI)
TO BE AN APPROVED TOWNSHIP

Under section 13 of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963), I hereby declare the area represented by General Plan L. 73(A.432/87) to be an approved township.

The conditions subject to which the application for permission to establish the township concerned has been granted, are set forth in the Schedule below in terms of the said section 13.

L. PIENAAR

Administrator-General

Windhoek, 14. December 1988

BYLAE

1. NAAM VAN DORP:

Die dorp heet OMATAURA.

2. SAMESTELLING VAN DORP

Die dorp bestaan uit 98 erwe genummer 1 tot 97, een oop ruimte genummer 98 en strate soos aangedui op Algemene Plan L. 73(A.432/87).

3. GERESERVEERDE ERWE:

Die volgende erwe word soos volg gereserveer -

(a) Vir die Goewerment van die Gebied: Erf 65 vir onderwysdoeleindes.

(b) Vir doeleindes van die plaaslike bestuur: Erf 54 vir onbepaalde doeleindes.

SCHEDULE

1. NAME OF TOWNSHIP:

The township shall be called OMATAURA.

2. COMPOSITION OF TOWNSHIP:

The township comprises 98 erven numbered 1 to 97, one public open space numbered 98 and streets as indicated on General Plan L. 73(A.432/87).

3. RESERVED ERVEN:

The following erven are reserved as follows-

(a) For the Government of the Territory: Erf 65 for educational purposes.

(b) For purposes of the local authority: Erf 54 for unstipulated purposes.

4. TITELVOORWAARDES:

A. Die volgende voorwaardes moet ten gunste van die plaaslike bestuur geregistreer word teen die titelbewyse van alle erwe:

(1) Die eienaar en enige huurder van die erf is verplig om toe te laat -

(a) dat waterpyplyne, stormwaterafvoerpyp, rioolpyp of bogrondse of ondergrondse elektriese kragtoevoerlyne, soos die plaaslike bestuur van tyd tot tyd nodig ag, op so 'n wyse en in so 'n ligging soos van tyd tot tyd na oorlegging met die eienaar van die erf deur die plaaslike bestuur bepaal word, oor die erf aangelê word;

(b) dat enige materiaal wat uitgegrawe word gedurende die konstruksie, instandhouding of verwydering van enige sodanige waterpyplyn, stormwaterafvoerpyp, rioolpyp of bogrondse of ondergrondse elektriese kragtoevoerlyn, tydelik op die erf geplaas mag word;

(c) dat iedereen van wie dit vereis word om die erf te betree ten einde sy pligte in verband met sodanige konstruksie, instandhouding of verwydering van enige sodanige waterpyplyn, stormwaterafvoerpyp, rioolpyp of bogrondse of ondergrondse elektriese kragtoevoerlyn, of enige ander werk wat daarmee in verband staan, te verrig, die erf te enige redelike tyd mag betree,

sonder dat enige vergoeding op die plaaslike bestuur verhaalbaar sal wees: Met dien verstande dat enige skade veroorsaak by die konstruksie, instandhouding of verwydering van enige sodanige waterpyplyn, stormwaterafvoerpyp, rioolpyp of bogrondse of ondergrondse elektriese kragtoevoerlyn of enige ander werk wat daarmee in verband staan, of enige skade veroorsaak by die plasing op of verwydering van die erf van enige materiaal bedoel in subparagraaf (b), deur die plaaslike bestuur vergoed moet word.

4. CONDITIONS OF TITLE:

A. The following conditions shall be registered in favour of the local authority against the title deeds of all erven:

(1) The owner and any lessee of the erf shall be obliged to allow -

(a) water pipe-lines, storm water drain pipes, sewer-pipes or overhead or underground electrical supply lines as may from time to time be considered necessary by the local authority, to be constructed across the erf in such a manner and in such a position as may from time to time be determined by the local authority after consultation with the owner of such erf;

(b) any materials excavated during the construction, maintenance or removal of any such water pipe-line, storm water drain pipe, sewer-pipe or overhead or underground electrical supply line, to be placed on the erf temporarily;

(c) any person who may be required to enter the erf in order to perform his duties pertaining to such construction, maintenance or removal of any such water pipe-line, storm water drain pipe, sewer-pipe or overhead or underground electrical supply line or any other work pertaining thereto, to enter the erf at all reasonable times,

without any compensation being recoverable from the local authority: Provided that any damage caused at the construction, maintenance or removal of any such water pipe-line, storm water drain pipe, sewer-pipe or overhead or underground electrical supply line or any other work pertaining thereto, or any damage caused at the placing on or removal from the erf of any materials referred to in subparagraph (b), shall be compensated by the local authority.

(2) Die eienaar van die erf moet op eie koste 'n keermuur of keermure wat deur die plaaslike bestuur goedgekeur is, oprig om te verhinder dat 'n deel van die erf in enige straat wat aan die erf grens, val, of andersom, na gelang van die geval: Met dien verstande dat waar die eienaar van die erf reeds so 'n keermuur of keermure wat deur die plaaslike bestuur goedgekeur is, opgerig het en enige straat of strate wat aan die erf grens daarna gemaak of herbou word op so 'n vlak dat dit tot gevolg het dat 'n nuwe keermuur of keermure opgerig moet word of dat 'n bestaande keermuur of keermure verander moet word om te verhinder dat 'n deel van die erf in die straat val, of andersom, na gelang van die geval, sodanige oprigting of verandering op koste van die plaaslike bestuur gedoen moet word.

(3) Op die erf mag nie na water geboor of gegrawe word nie.

(4) Geen melkery, stal, koeistal, abattoir, varkhok, bakkerij, worsfabriek of enige hinderlike bedryf hoegenaamd mag op die erf aangebring of bestuur word nie.

Vir die doeleindes van hierdie paragraaf beteken "hinderlike bedryf" enigeen van die besighede, bedrywe, werke of inrigtings genoem in regulasie 1(a) van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 141 van 10 November 1926, soos gewysig.

(5) Buiten met die skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur mag geen stene, teëls, erdepype, of enige ander artikels van soortgelyke aard vir enige ander doel as die oprigting van 'n gebou op die erf, op die erf gemaak word nie.

(6) Geen beeste, skape, varke, bokke, bobbejane, ape of roof- of trekdier mag op die erf aangehou word nie.

(7) Daar mag geen hindernis of verlegging van enige natuurlike stormwatergeleiding oor die erf wees sonder skriftelike goedkeuring van die plaaslike bestuur nie.

(2) The owner of the erf shall at his own expense erect a retaining wall or walls approved by the local authority, to prevent any portion of the erf adjoining any street from falling into the street or *vice versa*, as the case may be: Provided that where the owner of the erf has already erected a retaining wall or walls approved by the local authority and any street or streets adjoining the erf are thereafter constructed or reconstructed on such level that as a consequence thereof a new retaining wall or walls have to be erected or that an existing retaining wall or walls have to be altered to prevent any portion of the erf from falling into the street or *vice versa*, as the case may be, such erection or alteration shall be made at the expense of the local authority.

(3) It shall not be permissible to drill or excavate for water on the erf.

(4) No dairy, stable, cowshed, abattoir, piggery, bakery, sausage factory or any offensive trade whatsoever shall be established or conducted on the erf.

For the purposes of this paragraph "offensive trade" shall mean any of the businesses, trades, works or institutions mentioned in regulation 1(a) of the regulations promulgated under Government Notice 141 dated 10 November 1926, as amended.

(5) Except with the written permission of the local authority no bricks, tiles, earthenware pipes or any other articles of a like nature shall be made on the erf for any purpose other than the erection of a building on the erf.

(6) No cattle, sheep, pigs, goats, baboons, monkeys, beasts of prey or draught animals shall be kept on the erf.

(7) There shall be no obstruction or deviation of any natural course of storm water over the erf without the written approval of the local authority.

(8) Geen geboue of strukture of enige deel daarvan (behalwe grensmure, omheinings, brandmure of spoorlyne), na gelang van die geval, mag binne 3 meter van enige straat- of agtergrens en binne 1,25 meter van enige sygrens van die erf opgerig word nie.

Vir die doeleindes van hierdie paragraaf beteken "straatgrens" enige grens gemeenskaplik met 'n straat; "sygrens" enige grens wat minstens een eindpunt op 'n straatgrens het en "agtergrens" enige ander grens as 'n sy- of straatgrens.

(8) No buildings or structures or any portion thereof (except boundary walls, fences, fire walls or railway lines) as the case may be, shall be erected within 3 metres of any street boundary or rear boundary or within 1,25 metres of any lateral boundary of the erf.

For purposes of this paragraph "street boundary" shall mean any boundary common to a street; "lateral boundary" shall mean any boundary with at least one end on a street boundary and "rear boundary" shall mean any boundary other than a lateral or street boundary.

B. Die volgende bykomende voorwaardes moet ten gunste van die plaaslike bestuur geregistreer word teen die titelbewyse van die volgende erwe:

(1) Erwe 53 en 64:

Die erf mag slegs vir die volgende doeleindes gebruik word:

- (a) 'n Kerk, waarvan die bouwaarde van die hoofgebou, met inbegrip van die buitegeboue, minstens R15 000,00 moet wees; en
- (b) 'n Pastorie.

(2) Erwe 1 tot 52, 55 tot 63 en 66 tot 97:

- (a) Die erf mag slegs vir woondoeleindes gebruik word.
- (b) Slegs een gebou, ontwerp en bestem vir bewoning deur slegs een gesin, met die nodige buitegeboue, mag op die erf opgerig word.
- (c) Die bouwaarde van die hoofgebou, buitegeboue uitgesluit, moet minstens R4 000,00 wees.

B. The following additional conditions shall be registered in favour of the local authority against the title deeds of the following erven:

(1) Erven 53 and 64:

The erf shall be used for the following purposes only:

- (a) A church, of which the building value of the main building, including the outbuildings, shall be at least R15 000,00; and
- (b) A parsonage.

(2) Erven 1 to 52, 55 to 63 and 66 to 97:

- (a) The erf shall be used for residential purposes only.
- (b) Only one building, designed and destined for occupation by only one family, including the necessary outbuildings, shall be erected on the erf.
- (c) The building value of the main building, excluding the outbuildings, shall be at least R4 000,00.

No. AG. 32

1988

No. AG. 32

1988

VERKLARING VAN ONDUNDU YOVITENDA TOT GOEDGEKEURDE DORP

Kragtens artikel 13 van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) verklaar ek hierby die gebied voorgestel op Algemene Plan D.68 (A. 326/87) tot goedgekeurde dorp.

Die voorwaardes ingevolge waarvan die aansoek om verlof tot stigting van die betrokke dorp toegestaan is, word ingevolge genoemde artikel 13 in die Bylae hieronder uiteengesit.

L. PIENAAR

Administrateur-generaal

Windhoek, 14 Desember 1988

DECLARATION OF ONDUNDU YOVITENDA TO BE AN APPROVED TOWNSHIP

Under section 13 of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963), I hereby declare the area represented by General Plan D.68 (A.326/87) to be an approved township.

The conditions subject to which the application for permission to establish the township concerned has been granted, are set forth in the Schedule below in terms of the said section 13.

L. PIENAAR

Administrator-General

Windhoek, 14. December 1988

BYLAE

SCHEDULE

1. NAAM VAN DORP:

Die dorp heet Ondundu Yovitenda.

2. SAMESTELLING VAN DORP

Die dorp bestaan uit 90 erwe genummer 1 tot 90, en strate soos aangedui op Algemene Plan D. 68(A.326/87).

3. GERESERVEERDE ERWE:

Die volgende erwe word soos volg gereserveer -

(a) Vir die Goewerment van die Gebied: Erf 3 vir onderwysdoeleindes.

(b) Vir doeleindes van die plaaslike bestuur: Erf 4.

4. TITELVOORWAARDES:

A. Die volgende voorwaardes moet ten gunste van die plaaslike bestuur geregistreer word teen die titelbewyse van alle erwe buiten dié genoem in item 3:

(1) Op die erf mag nie na water geboor of gegrawe word nie.

1. NAME OF TOWNSHIP:

The township shall be called Ondundu Yovitenda.

2. COMPOSITION OF TOWNSHIP:

The township comprises 90 erven numbered 1 to 90 and streets as indicated on General Plan D. 68 (A.326/87).

3. RESERVED ERVEN:

The following erven are reserved as follows-

(a) For the Government of the Territory: Erf 3 for educational purposes.

(b) For purposes of the local authority: Erf 4.

4. CONDITIONS OF TITLE:

A. The following conditions shall be registered in favour of the local authority against the title deeds of all erven except those referred to in item 3:

(1) It shall not be permissible to drill or excavate for water on the erf.

- (2) Geen melkery, stal, koeistal, abattoir, varkhok, bakkerij, worsfabriek of enige hinderlike bedryf hoegenaamd mag op die erf aangebring of bestuur word nie.

Vir die doeleindes van hierdie paragraaf beteken "hinderlike bedryf" enigeen van die besighede, bedrywe, werke of inrigtings genoem in regulasie 1(a) van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 141 van 10 November 1926, soos gewysig.

- (3) Buiten met die skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur mag geen stene, teëls, erdepype, of enige ander artikels van soortgelyke aard vir enige ander doel as die oprigting van 'n gebou op die erf, op die erf gemaak word nie.
- (4) Geen beeste, skape, varke, bokke, bobbejane, ape of roof- of trekdier mag op die erf aangehou word nie.
- (5) Daar mag geen hindernis of verlegging van enige natuurlike stormwatergeleiding oor die erf wees sonder skriftelike goedkeuring van die plaaslike bestuur nie.
- (6) Geen geboue of strukture of enige deel daarvan (behalwe grensmure, omheinings, brandmure of spoorlyne), mag binne 5 meter van enige straatgrens of sy- of binne 3 meter van enige sy- of agtergrens van die erf opgerig word nie.

Vir die doeleindes van hierdie paragraaf beteken "straatgrens" enige grens gemeenskaplik met 'n straat; "sygrens" enige grens wat minstens een eindpunt op 'n straatgrens het en "agtergrens" enige ander grens as 'n sy- of straatgrens.

- B. Die volgende bykomende voorwaardes moet ten gunste van die plaaslike bestuur geregistreer word teen die titelbewyse van die volgende erwe:

- (1) Erwe 1 en 2:

Die erf mag slegs gebruik word vir 'n kerk of 'n kerksaal of beide 'n kerk en 'n kerk-

- (2) No dairy, stable, cowshed, abattoir, piggery, bakery, sausage factory or any offensive trade whatsoever shall be established or conducted on the erf.

For the purposes of this paragraph "offensive trade" shall mean any of the businesses, trades, works or institutions mentioned in regulation 1(a) of the regulations promulgated under Government Notice 141 dated 10 November 1926, as amended.

- (3) Except with the written permission of the local authority no bricks, tiles, earthenware pipes or any other articles of a like nature shall be made on the erf for any purpose whatsoever other than the erection of a building on the erf.
- (4) No cattle, sheep, pigs, goats, baboons, monkeys, beasts of prey or draught animals shall be kept on the erf.
- (5) There shall be no obstruction or deviation of any natural course of storm water over the erf without the approval of the local authority.
- (6) No buildings or structures or any portion thereof (except boundary walls, fences, fire walls or railway lines), shall be erected within 5 metres of any street boundary within 3 metres of any lateral or rear boundary of the erf.

For purposes of this paragraph "street boundary" shall mean any boundary common to a street; "lateral boundary" shall mean any boundary having at least one end on a street boundary, and "rear boundary" shall mean any boundary other than a lateral or street boundary.

- B. The following additional conditions shall be registered in favour of the local authority against the title deeds of the following erven:

- (1) Erven 1 and 2:

The erf may be used only for a church or church hall or both a church and a church

saal met nodige buitegeboue: Met dien verstande dat geen woonkwartier van water aard ookal voorsien mag word nie.

(2) Erwe 5 tot 90:

- (a) Die erf mag slegs vir woondoeleindes gebruik word.
- (b) Slegs een woonhuis, ontwerp en bestem vir bewoning deur slegs een gesin, met die nodige buitegeboue, mag op die erf opgerig word.
- (c) Slegs een *bona fide* huisbediende wat dienste werklik en uitsluitlik op die erf lewer, mag toegelaat word om op die erf of enige gedeelte daarvan te woon of dit op enige ander wyse te okkupeer.

hall with the necessary outbuildings. Provided that no living quarters of any nature whatsoever may be provided.

(2) Erven 5 tot 90:

- (a) The erf may be used for residential puposes only.
- (b) Only one building, designed and destined for occupation by only one family, with the necessary outbuildings, may be erected on the erf.
- (c) Only one *bona fide* domestic servant who actually and exclusivley performs services on the erf, may be permitted to reside on the erf or any portion thereof or to occupy it in any other manner.

No. AG. 33

1988

SWAKOPMUND: UITBREIDING VAN GRENSE

Kragtens artikel 29(1) van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) brei ek hierby die grense van die Dorp Swakopmund uit om Gedeelte 45 van Gedeelte 5 van Swakopmund Dorp en Dorpsgronde 41, geleë in die Registrasie-afdeling G, in te sluit.

Bogenoemde eiendom staan nou bekend as erf 633, Swakopmund.

L. PIENAAR

Administrateur-generaal

Windhoek, 14 Desember 1988

No. AG. 33

1988

SWAKOPMUND: EXTENSION OF BOUNDARIES

Under section 29(1) of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963), I hereby extend the boundaries of the Township of Swakopmund to include Portion 45 of Portion 5 of Swakopmund Town and Townlands 41, situated in the Registration Division G.

The above-mentioned property are now known as erf 633, Swakopmund.

L. PIENAAR

Administrator-General

Windhoek, 14 December 1988

No. AG. 34

1988

No. AG. 34

1988

TAMARISKIA: UITBREIDING VAN GRENSE

TAMARISKIA: EXTENSION OF BOUNDARIES

Kragtens artikel 29(1) van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) brei ek hierby die grense van die Dorp Tamariskia uit om Gedeeltes 41 tot 44 van Gedeelte 5 van Swakopmund Dorp en Dorpsgronde 41, geleë in die Registrasie-afdeling G, in te sluit.

Under section 29(1) of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963), I hereby extend the boundaries of the Township of Tamariskia to include Portions 41 to 44 of Portion 5 of Swakopmund Town and Townlands 41, situated in the Registration Division G.

Bogenoemde eiendomme staan nou onderskeidelik bekend as erwe 629 tot 632, Tamariskia

The above-mentioned properties are now known as erven 629 to 632, Tamariskia, respectively.

L. PIENAAR

Administrateur-generaal

Windhoek, 14 Desember 1988

L. PIENAAR

Administrator-General

Windhoek, 14 December 1988

Gedruk deur
JOHN MEINERT (EDMS) BPK.
Verkrygbaar by
STAR BINDERS & PRINTERS
Posbus 56, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed by
JOHN MEINERT (PTY) LTD.
Obtainable from
STAR BINDERS & PRINTERS
P.O. Box 56, Windhoek
South West Africa